

# A1 EVOLUSIELEER? ÓF SKEPPINGSLEER? ÓF ALBEI?

## 1. WAT IS EVOLUSIELEER?

Onder evolusieleer word gewoonlik daardie teorie verstaan wat handhaaf dat die afstammingslyn tussen lewende wesens (bakterieë, insekte, plante, visse, voëls, diere en die mens) in hoofsaak loop van die eenvoudigste en laagste soorte van lewende wesens, die eenselliges, na die mees ingewikkelde en hoogste soort, die mens. Hierdie leer handhaaf dat die mens van die dier afgestam het – die aap en die mens sou dieselfde voorouers gehad het – en dat die ontwikkeling van die laagste lewende wesens tot die mens honderde-miljoene jare sou geneem het.

## 2. WAT IS DIE BOODSKAP VAN GENESIS 1 TOT 3?

Die boodskap van Genesis 1 en 2 kan kortliks soos volg saamgevat word:

- 1) God het alles gemaak, Hy is bo die skepping en nie deel daarvan nie.
- 2) Hy het in ses verskillende skeppingsdae en met verskillende skeppingsdade alles direk en onmiddellik gemaak: hemel en aarde, waarby lig, kontinente, oseane; atmosfeer, grasspruitjies, plante en bome; visse en voëls; vee, kruipende diere en wilde diere; die mens.
- 3) Alles is onderskeidelik gemaak, elkeen met unieke eienskappe.
- 4) Die mens is totaal anders as die diere gemaak, na die beeld van God.
- 5) Die mens is manlik en vroulik geskep.
- 6) God het alles goed geskep. "Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en – dit was baie goed" (Gen 1:31)
- 7) God het reëlmaat in die skepping ingebou – ses werksdae en die sewende 'n rusdag. Gedurende die vierde skeppingsdag het Hy ligte aan die hemel voorsien as tekens van seisoene, dae en jare (Gen 1:14) – God is 'n God van orde.
- 8) God bly in beheer van alles in die skepping, wat ontplooi tot die eindtyd. Daarvan getuig die hele Ou- en Nuwe Testamente en die voorgaande wêreldgeskiedenis.
- 9) God het 'n kultuurmandaat aan die mens opgedra, om die aarde te vul, te onderwerp en oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat oor die aarde kruip, te heers (Genesis 1:28) en om die aarde te bewerk en te bewaak – te versorg (Genesis 2:15). Hierdie kultuurmandaat gaan voort na die sondeval (Genesis 3), al is dit in 'n gebroke wêreld.

## 3. DIE SKEPPINGSLEER

Die Skeppingsleer gaan uit van bogenoemde openbaring van Genesis 1 tot 3 sonder om die Bybel soos 'n wetenskaplike handboek te gebruik.

Vir die uitbou van skeppingsleer as 'n wetenskap is veral van belang om te aanvaar: a. dat die God, wat Hom in Sy Woord openbaar het, dieselfde lewende God is wat hemel en aarde geskep het en dit nog in stand hou en bestier; b. Dat, volgens die Nederlandse

Geloofsbelydenis (art. 2) en o.a. Romeine 1:20, die mens God ook uit die 'natuur' (die skepping) kan leer ken, maar dat hy op aarde weens die sonde slegs reg en na waarheid kan ken as dit in die lig van Sy Woordenbaring geskied; c. dat Gods Woord ook betekenis vir die beoefening van die wetenskap het; d. dat die Heilige Skrif geen handboek vir die wetenskap is nie, maar slegs 'n voor-wetenskaplike bron en norm van kennis.

#### **4. VERSOENINGSTEGORIEË AANVAAR SOWEL EVOLUSIELEER AS SKEPPINGLEER.**

Skrifgelowiges probeer dikwels om evolusielear met skeppingslear te versoen. Hierdie pogings gaan van die veronderstelling uit dat evolusielear 'n ware en bewese wetenskap is. Twee versoeningstegorieë kan onderskei word, tewete skeppende evolusie en teïstiese evolusie.

Versoeningsgelowiges versprei die ses dae van die skepping oor die duisende miljoene jare van evolusielear en laat God in en deur die skepping werk om nuwe soorte algaande te voorskyn te bring. Daarmee word die wonder as 'n verklaringsbeginsel in die wetenskap op 'n bedekte wyse ingevoer.

Versoeningstegorieë neem aan, net soos evolusielear, dat elke hoër soort nie net uit die laer soort ontstaan het nie, maar dat hoër soorte werklik iets nuuts teenoor die laeres bygekry het. Skeppende evolusie aanvaar dat die hoër soort plotseling deur 'n teennatuurlike<sup>1</sup> (wonder-) handeling van God uit 'n laer soort ontstaan het. Plotselinge ontstaan van hoër soorte word inderdaad deur die paleontologie waargeneem. Die paleontoloog Gould en Eldredge gee met hulle teorie van "punctuated equilibrium" erkenning aan waarnemings in die fossielrekord dat slegs geringe veranderinge in soorte oor miljoene jare voorkom – sogenaamde "stasis" in die fossielrekord – met skielike verskyning van nuwe soorte ("punctuated bursts / intervals"). Vir skeppende evolusie beteken dit dat God van tyd tot tyd in die evolusieproses, wat andersins natuurlik verloop, sou ingegryp het. Hy sou dan ook op 'n stadium ingegryp het en die mens uit 'n laer dier na Sy beeld geskep het.

Teïstiese evolusie is ook 'n skeppende evolusie, maar aanvaar dat nuwe soorte gradueel en geleidelik uit laeres volgens Darwinistiese en Neo-Darwinistiese meganismes ontstaan. Die hele evolusionistiese proses vanaf die ontstaan van lewe tot die mens geskied daarvolgens deur natuurlike prosesse wat daarop berus dat toevallige veranderinge deur mutasies en omgewing deur die sterkstes na die volgende geslag oorgedra word.

#### **5. DIE TEKORTKOMINGE VAN VERSOENINGSTEGORIEË:**

(a) Versoeningstegorieë bots met die Bybel. Gelowiges wat 'n versoeningstegorie aanvaar, gee die Bybel aan nie-te-bewese wetenskaplike tegorieë soos evolusielear, prys.

(b) Versoeningstegorieë bring 'n goddelike beginsel, 'n wonderbeginsel as verklaringsbeginsel in die wetenskap, wat wetenskaplik nie houdbaar is nie, en waardeur die wetenskap op verfynde wyse aan animisme (wêreldbeskouing dat die hele natuur 'n lewende siel is) prysgegee word.

(c) 'n Versoeningstegorie behels 'n interne teenstrydigheid, 'n contradictio in terminis, want skeppingslear en evolusielear, wonderwerking en natuurproses, sondeval en vooruitgaande evolusie, kan logies nie in één denkbeeld saamgevat word nie.

---

<sup>1</sup> Teennatuurlike (wonder-) handeling geskied nie volgens die wette van die natuur nie

## 6. GESTEL DIE MENS HÉT VAN DIE DIER AFGESTAM

Dan is die klaarblyklike verhaal van Genesis 1 en 2 foutief en daarnaas soveel ander Skrifgedeeltes wat stel dat die mens na God se beeld en wesensverskillend van die dier geskep is en dat hy 'n besondere status in die wêreld het.

Dan kan die sondeval van Genesis 3 nie 'n *sondeval* gewees het nie; want dan was die mens nie *baie goed* geskep nie en dan was hy in sy kennis en ander funksies nog onontwikkeld en moes hy deur mislukte pogings leer om reg te handel, vorentoe te kom en nuwe hoogtes te bereik. I.p.v. sonde kry ons dan: mislukte pogings, en i.p.v. 'n val kry ons dan: vooruitgang. Die sondeval is in die evolusieleer 'n terugwaartse stap. Die vervloeking van die aarde (Genesis 3:17) om die mens se ontwil is hiermee nie versoenbaar nie en rym nie met evolusieleer nie.

Word Gen. 1 tot 3 aan die eise van die evolusieleer prysgegee, kan daar dan geen sprake wees van 'n *sondeval* nie, en daarmee verloor die soendood van Christus sy kardinale betekenis. Die verlossingslyde van ons Saligmaker was dan onnodig as daar geen sondeval van die mens was nie. Is Christus nie ons *Verlosser* nie, dan kan Hy nie God se Seun, die tweede persoon in die Heilige Drie-eenheid wees nie; dan was Hy 'n gewone historiese persoon, 'n mens soos ons almal — al was Hy dan ook 'n ideale mens.

Aanvaarding van dierlike afstamming van die mens is ook nie verenigbaar met die tweede koms van Christus, met die oordeel van God oor die sondige mens, met die ewige verdoemenis van nie-uitverkorenes en met die herskepping van hemel en aarde nie.

Gevolgtrek moet diegene wat die evolusieleer aanneem, in logiese konsekwensie die Bybel as die onfeilbare Woord van God prysgee en daarmee die sentrale leer van die Bybel van sonde en verlossing, en van skepping, verval en herskepping.

## 7. VOORTGAANDE SKEPPING VAN TOENEMENDE KOMPLEKSITEIT?

Diegene wat nie die teennatuurlike skeppingsboodskap in die Bybel aanvaar nie, veronderstel dikwels dat 'n plan implisiet in die natuur aanwesig moet wees om uiteindelik die mens deur natuurprosesse voort te bring. Die veronderstelling is dan dat nuwighede in die hoër soorte reeds in die kiem in die laer soorte aanwesig is. Omdat toevallige ontwikkeling van nuwe soorte 'n willekeurigheid in die natuur impliseer, word ook dikwels 'n "organiseerder" in die natuur veronderstel. Vir Genl. Smuts was die "organiseerder" 'n holistiese faktor in die natuur. Teïstiese evolusioniste aanvaar weer God se voorsienigheid as rigtinggewende faktor, waarvolgens alles deur die werking van natuurkragte met God se begeleiding vanaf die oerknal tot vandag ontwikkel het.

In sy boek "*At home in the universe – The search for the laws of self-organization and complexity*" (Oxford University Press, 1995) handhaaf Stuart Kauffman die wette van fisika en chemie in biologie, maar stel daarnaas 'n immer voortgaande skepping van toenemende kompleksiteit in die heelal, die biosfeer en menslike kulture. Volgens hom is hierdie skeppende vermoëns 'n inherente eienskap van die heelal net soos 'n bevrugte eier die 'skeppende' vermoë het om 'n kuiken voort te bring.

Alreeds by die Griekse filosowe Plato (428-348 vC) en Aristoteles (384-322 vC) vind ons die idee dat daar selfstandige kragte in die natuur is, wat onafhanklik van 'n hoër (afgodiese / natuurkragte) beheer werk. Hulle idee was dat alles na volmaaktheid streef. Volgens Plato kan die strukture en vorme van organismes verstaan word uitgaande van hulle strewe om aangepas en in harmonie met hulle omgewing te lewe. Aristoteles het hierdie idee verder

uitgewerk om die ontwikkeling van organismes en oorsprong van nuwe groepe van organismes daarby in te sluit. Volgens Aristoteles is die volwasse vorm die uiteindelijke doel of "telos" in die ontwikkeling van enige organisme. Veranderinge gedurende die ontwikkeling is 'n strewe na die "telos" en word deur die "telos" bepaal en voorgeskryf. Toegepas op evolusie is "telos" dan die vormgewende krag waardeur hoër ordes van lewe uit laeres ontwikkel – 'n skeppende evolusie deur die natuur.